

Donderdag 17 Julie

Skrifgedeelte: Deuteronomium 14:1-21 (AFR33)

Fokusgedeelte: Deuteronomium 14:1, 2

God se volk is uniek soos Hy, en maak sy heiligheid en reinheid bekend

Die verhouding waarin die verlore mens met God staan, is baie uniek en dwarsdeur Deuteronomium is dit duidelik: Ons aanbid die Here die almagtige God, 'n God wat totaal en al uniek is! Hy gee selfs die opdrag om dit te gaan toets (Deut. 4:32). En die resultate is duidelik: *“Jy self het dit te sien gekry, dat jy kan weet dat die Here God is; daar is geen ander buiten Hom nie.”*

Israel, God se verlore volk, het in 'n besondere verhouding met God gestaan. In die eerste plek soos kinders teenoor 'n vader (14:1). In die tweede plek as die unieke volk van die Here. En soos die Here heilig is, so moes hulle ook heilig wees, want hulle is afgesonder en uitverkore (Deut. 7:6-7; 14:2).

Die Here bepaal ook wat sy volk mag en nie mag eet nie. God het die wêreld goed gemaak, diere is deel van die goeie skepping van die Here en bring Hom eer (Ps. 19:2). Maar deur sekere diere af te sonder, maak die Here iets van Homself bekend. In die skepping kan sy almag gesien word, maar ook sy reinheid en heiligheid. Israel se uniekheid was in hulle alledaagse lewe ingewef. Elke maaltyd moes as herinnering dien tot hulle unieke verhouding met die Here. Selfs die kookpot moes die uniekheid van die Here en sy volk verkondig.

So is dit ook met ons vandag. Deur Christus en die Heilige Gees is ons kinders van God (Rom. 8). Ons is ook God se volk (1 Pet 2.), uitverkore en heilig. As verlostes moet ons die heilige karakter van God verkondig en uitstraal. Dit gaan nie meer oor wat in ons mond ingaan nie, maar wat daar uitkom (Mark. 7:15). Wat die hart van vol is, loop die mond van oor. Soos die skepping in alles die Here loof en sy heiligheid en reinheid verkondig, kry ons ook die opdrag: *“Of julle dan eet of drink of enigiets doen, doen alles tot verheerliking van God”* (1 Kor. 10:31).

Sing: Psalm 107-1:10

Ds. MJ (Johan) Willemsse (Vredenburg/Saldanha)